


## Regverdiging deur Geloof



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Romeine 3:19–28

#### Geheeteks:

“Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet” (Rom. 3:28).

**I**n hierdie les vind ons die hooftema van Romeine: regverdiging deur geloof – die grondwaarheid wat, meer as enige ander waarheid, die Protestantse Hervorming meegebring het. En, ten spyte van al die aansprake op die teendeel, het Rome nou net so min hierdie geloofsbelydenis verander as in 1520, toe Pous Leo ‘n pouslike wet uitgevaardig het om Luther en sy leerstellings te verban. Luther het ‘n afskrif van hierdie wet verbrand, want as daar nou een leerstelling is waaroor daar nooit ‘n kompromie aangegaan kan word nie, was en is dit regverdiging deur geloof. Die frase self het te doen met wetgewing. Die oortreder van die wet verskyn voor ‘n regter en word tot die dood toe vir sy of haar oortredings veroordeel. Maar ‘n plaasvervanger verskyn en neem die oortreder se misdade oor om sodoende die oortreder vry te stel. Deur die plaasvervangingsaanbod te aanvaar, staan die oortreder voor die regter nie net sonder skuld nie, maar word ook beskou as iemand wat nooit die oortredings begaan het waarvoor hy of sy aanvanklik voor die hof gedaag was nie. En dit is omdat die plaasvanger – wat ‘n skoon dossier het – aan die vrygestelde oortreder sy eie volmaakte wetsonderhouding aanbied. In die plan van verlossing is elkeen van ons die oortreder. Die plaasvervanger, Jesus, se dossier wat skoon is, verskyn in die hof namens ons; Sy geregtigheid word in plaas van ons ongeregtigheid aanvaar. Daarom word ons regverdig voor God verklaar, nie deur ons werke nie, maar deur Jesus wie se geregtigheid ons s’n word wanneer ons dit “in geloof” aanvaar. Praat van goeie nuus! Die feit is dat die nuus nie beter as dit kan word nie.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 28 Oktober.*

## Die werke van die wet

**Lees Romeine 3:19, 20. Wat sê Paulus hier oor die wet, oor wat dit doen of nie doen nie, of nie kan doen nie? Hoekom is hierdie punt vir alle Christene so belangrik om te verstaan?**

---

---

---

Paulus gebruik die term “wet” in ‘n breë sin soos wat die Jood in Paulus se tyd dit verstaan het. Wanneer die term “*Tora*” (die Hebreeuse woord vir “wet”) gehoor word, dink ‘n Jood selfs vandag nog aan God se spesifieke instruksies in die eerste vyf boeke van Moses, maar ook, oor die algemeen, aan die instruksies in die hele Ou Testament. Die morele of sedewet – plus die uitgebreide verordeninge en uitsprake, asook die seremoniële voorskrifte – was deel van hierdie instruksies. Hierdeur kan ons aan die wet as die Joodse sisteem dink. Om onder die wet te wees beteken om onder die wet se jurisdiksie (regsmag) te wees. Die wet openbaar egter ‘n persoon se tekortkominge en skuldigheid voor God. Die wet kan nie die skuldbevinding verwyder nie; wat dit kan doen, is om die sondaar te lei om van sy tekortkominge en skuldigbevinding te herstel. In ons toepassing van die Brief aan die Romeine vandag, met die Joodse wet wat nie langer medewerkend is nie, dink ons in besonder aan die wet in terme van die sedewet. Hierdie wet kan ons nie meer red as wat die Joodse sisteem die Jode kon red nie. Om ‘n sondaar te red is nie die sedewet se werking nie. Die doel van die wet is om God se karakter te openbaar en om die mensdom te wys hoe ver hulle kortkom om daardie karakter te weerspieël. Watter wet dit ook al is – morele, seremoniële, siviele of almal saam – die onderhouding van enige of almal van hulle sal nie ‘n persoon regverdig in God se oë maak nie. Die feit is dat die wet nooit bedoel was om dit te doen nie. Intendeel, die wet se doel was om ons tekortkominge uit te wys en om ons dan na Christus te lei. Die wet kan ons nie meer red as wat die simptome van ‘n siekte die kwaal kan genees nie. Die simptome maak nie gesond nie; dit dui op die nodigheid om genees te word. Dit is hoe die wet werk.

**Hoe suksesvol was jou pogings om die wet te probeer onderhou? Wat behoort jou antwoord aan jou te sê oor die nutteloosheid om te probeer om gered te word deur die wet te onderhou?**

---

---

## Die geregtigheid van God

**“Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig” (Rom. 3:21). Hoe moet ons hierdie teksvers verstaan?**

---

---

---

Hierdie nuwe geregtigheid is in kontras met die geregtigheid van die wet, wat die geregtigheid was waaraan die Jood gewoond was. Die nuwe geregtigheid word “die geregtigheid van God” genoem; d.w.s., ‘n geregtigheid wat van God kom, ‘n geregtigheid wat deur God voorsien word, en die enigste wat Hy as ware geregtigheid aanvaar. Dit is natuurlik die geregtigheid wat Jesus as mens in Sy lewe op aarde weerspieël het — ‘n geregtigheid wat Hy aanbied aan almal wat dit deur geloof aanvaar, wat dit vir hulleself sal toe-eien, nie omdat hulle dit verdien nie, maar omdat hulle dit nodig het.

**“Geregtigheid is gehoorsaamheid aan die wet. Die wet vereis geregtigheid, en die sondaar skuld dit aan die wet; maar is onbevoeg om sy skuld te vereffen. Die enigste manier wat hy geregtigheid kan bykom, is deur geloof. Deur geloof kan hy die verdienstelikheid van Christus na God bring, en die gehoorsaamheid van die Here se Seun word dan aan die sondaar toegereken. Christus se geregtigheid word in die plek van die mens se mislukking aanvaar, en God ontvang, verskoon en regverdig die berouvolle siel wat glo, en behandel hom asof hy regverdig is, en het hom lief soos Hy Sy Seun liefhet.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, book 1, p. 367, vrye vertaling).**

**Hoe kan jy leer om hierdie wonderlike waarheid vir jouself te aanvaar? Sien ook Romeine 3:22.**

---

---

Let hier op dat dit die geloof “in” Jesus Christus is en nie “van” Jesus Christus soos die Engelse KJV vertaling dit weergee nie. Soos wat dit in die Christen se lewe werk, is geloof baie meer as intellektuele of geestelike inwilliging; dit is meer as net om sekere feite oor Jesus Christus se lewe en Sy dood te erken. In plaas daarvan is ware geloof in Jesus Christus om Hom as Verlosser, as Plaasvervanger, Waarborg en Here te aanvaar. Dit is om Sy manier van lewe te kies. Dit is om Hom te vertrou en om deur geloof daarna te streef om volgens Sy wet te lewe.

## Deur Sy genade

**Hou in gedagte wat ons so ver oor die wet weet en wat dit nie kan doen nie terwyl jy Romeine 3:24 lees. Wat sê Paulus hier? Wat beteken die sinsnede “die verlossing wat in Christus Jesus is”?**

---

Wat beteken “geregverdig” in hierdie teksvers? Die Griekse woord “*dikaioo*” wat as “geregverdig” vertaal word, kan “regverdig maak”, “regverdig verklaar” of “regverdig beskou” beteken. Die woord is op dieselfde stamwoord as “*dikaiosune*” (geregtheid) en die woord “*dikaion*” (“geregte vereiste”) gebaseer. Daarom is daar ‘n baie noue verbintenis tussen “regverdiging” en “geregtheid”, ‘n verbintenis wat nie altyd in verskeie vertalings deurskemer nie. Ons is geregverdig wanneer ons deur God “regverdig verklaar” word (d.w.s. genadiglik vrygespreek word van skuld en ‘n nuwe status van onskuld in Christus geskenk word).

Voor hierdie regverdiging is ‘n persoon onregverdig en daarom onaanvaarbaar by God; na regverdiging word die persoon as regverdig beskou en dus deur Hom aanvaar. En dit gebeur net deur God se genade. Genade beteken om begunstig te word. Wanneer ‘n sondaar na God kom vir verlossing, is dit ‘n handeling van genade deur God om die persoon vir regverdiging te oorweeg, of om te verklaar dat daardie persoon regverdig is. Dit is onverdiende begunstiging, en die gelowige word geregverdig sonder enige verdienste van sy of haar kant af, sonder om enige aanspraak op eie verdienste aan God te kan bied behalwe sy of haar se totale hulpeloosheid. Die persoon is geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is, die verlossing wat Jesus as plaasvervanger en waarborg aan die sondaar bied. Regverdiging word in Romeine as ‘n stiptelike handeling voorgedra; d.w.s., dit gebeur op ‘n spesifieke tydstip. Een oomblik is die sondaar buite, onregverdig, en word nie aanvaar nie; die volgende oomblik, na regverdiging, is die persoon binne, en word aanvaar en regverdig verklaar.

Die persoon wat in Christus is, sien regverdiging as ‘n handeling wat in die verlede plaasgevind het, toe hy hom of sy haar ten volle aan Christus oorgegee het. “Om regverdig te wees” (*Rom. 5:1*) beteken letterlik “wat regverdig gemaak was”. Natuurlik, indien die geregverdigde sondaar sou afdwaal en dan terugkeer na Christus, sal regverdiging weer plaasvind. Ook, indien herbekering ‘n daaglikse ondervinding word, kan regverdiging as ‘n herhalende ondervinding beskou word.

**Met hierdie goeie nuus oor verlossing, wat hou mense terug om dit te aanvaar? In jou eie lewe, watter dinge hou jou terug van alles wat die Here belowe en aan jou bied?**

## Die Geregtigheid van Christus

In Romeine 3:25 brei Paulus verder uit oor die groot nuus van verlossing. Hy gebruik ‘n indrukwekkende woord: versoening. Die Griekse woord daarvoor, *hilasterion*, kom net hier in die Nuwe Testament en in Hebreërs 9:5 voor, waar dit as “versoendeksel” vertaal word. Volgens Romeine 3:25 waar dit gebruik word om die aanbod van regverdiging en verlossing in Christus te beskryf, kom dit voor asof die woord “versoening” die vervulling van alles waarvan die versoendeksel in die Ou Testament se heiligdom ‘n sinnebeeld was, verteenwoordig. Daarom, wat dit beteken, is dat deur Sy opofferende dood, Jesus afgesonder was as die middel tot verlossing en as die Een wat die versoening sou bewerkstellig. Kortliks beteken dit dat God dit wat nodig was, gedoen het om ons te red.

Die teksvers praat ook van “dat hy die sondes ongestraf laat bly het”. Dit is ons sondes wat ons onaanvaarbaar by God maak. Ons kan niks uit onself doen om ons sondes te kanselleer nie. Maar deur die plan van verlossing het God ‘n pad oopgemaak om ons sondes te vergewe deur geloof in die bloed van Christus. Die Griekse woord vir “vergifnis” is *paresis* wat letterlik “oorsien” of “nie raaksien nie” beteken. Die “nie raaksien nie” beteken geensins dat sondes geïgnoreer word nie. God kan die sondes van die verlede oorsien omdat Christus deur Sy dood die straf namens alle mense verduur het. Enigeen wat “geloof in Sy bloed” het, se sondes kan dus vergewe word, want Christus het alreeds vir hom of vir haar gesterf (1 Kor. 15:3).

### Lees Romeine 3:26, 27. Wat probeer Paulus hier beklemtoon?

---

Die goeie nuus wat Paulus gretiglik aan almal wat wou luister, wou bekend maak, was dat “Sy (d.i., God se) geregtigheid” aan die mensdom beskikbaar was en dat dit na ons kom, nie deur ons werke nie, nie deur ons verdienste nie, maar deur geloof in Jesus en in wat Hy vir ons gedoen het. Deur die kruis van Gólgota kon God sondaars regverdig verklaar, en steeds volgens die wet regmatig en billik in die oë van die heelal beskou word. Satan kan geen beskuldigende vinger na God wys nie, want die Hemel het die hoogste offerande gebring. Satan het God beskuldig dat hy meer van die menslike ras vra as wat Hy self gewillig was om te gee. Die kruis het hierdie beskuldiging weerlê.

**Satan het heelwaarskynlik verwag dat God die wêreld na die sondeval sou vernietig; in plaas daarvan het Hy Jesus gestuur om die wêreld te red. Wat sê dit aan ons oor God se karakter? Hoe behoort ons begrip van Sy karakter ons leefwyses te beïnvloed? Wat sal jy anders doen gedurende die volgende 24-uur noudat jy weet hoe God se karakter eintlik is?**

## Sonder die werke van die wet

**“Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet” (Rom. 3:28). Beteken dit dat ons die wet moet gehoorsaam selfs as die wet ons nie red nie? Verduidelik jou antwoord.**

---

In die historiese konteks het Paulus in Romeine 3:28 na die wet in sy breër konteks van die Joodse sisteem verwys. Al het 'n Jood hoe hard probeer om al die reëls van die sisteem nageset na te kom, kon daardie persoon nie geregverdig verklaar word as hy of sy nie Jesus as die Messias aanvaar het nie. Romeine 3:28 is Paulus se gevolgtrekking dat die wet van geloof eie werke uitsluit. Indien 'n mens geregverdig word deur sy eie werke, kan hy homself roem daarop. Maar wanneer hy geregverdig word omdat Jesus die mikpunt van sy geloof is, dan behoort die eer duidelik aan God wat die sondaar geregverdig verklaar het.

Ellen G. White beantwoord hierdie vraag op 'n interessante wyse, “Wat is regverdiging deur geloof?” Sy skryf: “Dit is die werk van God om die eer wat die mens hom- of haarself sou toe-eien, totaal te vernietig, en vir die mens te doen wat hy nie vir homself kan doen nie.” — Ellen G. White, *Testimonies to Ministers and Gospel Workers*, bl. 456 (vrye vertaling). Die werke van die wet kan nie versoening doen vir vorige sondes nie. Regverdiging kan nie verdien word nie. Dit kan alleenlik deur geloof in die Versoeningsoffer van Christus ontvang word. Daarom, in hierdie opsig het die werke van die wet niks te doen met regverdiging nie. Om geregverdig te wees sonder werke beteken om geregverdig te wees sonder dat daar enigiets in ons is wat regverdiging verdien. Maar baie Christene het hierdie teksvers verkeerd verstaan en verkeerd toegepas. Hulle sê dat al wat jy moet doen, is om te glo, terwyl hulle die werke en gehoorsaamheid ignoreer, selfs gehoorsaamheid aan die sedewet. Deur so te doen, het hulle Paulus heeltemal verkeerd gelees. In die Brief aan die Romeine en elders heg Paulus groot waarde aan die onderhouding van die sedewet. Jesus het dit ongetwyfeld gedoen en ook Jakobus en Johannes (*Matt. 19:17; Rom. 2:13; Jak. 2:10, 11; Openb. 14:12*). Paulus se punt is dat, alhoewel gehoorsaamheid aan die wet nie die middel tot regverdiging is nie, die persoon wat deur geloof geregverdig is nog die wet van God hou en, om die waarheid te sê, die enigste een is wat die wet kan hou. 'n Onwedergebore persoon wat nie geregverdig is nie kan nooit die vereistes van die wet vervul nie.

**Hoekom is dit so maklik om verstriek te raak in die denke dat omdat die wet ons nie red nie, ons dit nie hoef te onderhou nie? Het jy al ooit probeer om sonde weg te redeneer deur regverdiging deur geloof vir jouself toe te eien? Hoekom is dit 'n baie gevaarlike standpunt? Terselfdertyd, waar sal ons wees sonder die belofte van verlossing, selfs wanneer ons versoek word om dit te misbruik?**

**Vir verdere studie:**

Lees Ellen G. White, “The Righteousness of Christ in the Law,” bl. 236–239; “Come and Seek and Find,” bl. 331–335; “Perfect Obedience Through Christ,” bl. 373–374, in *Selected Messages*, boek 1; “Nuwe en Ou Dinge,” bl. 109–111, in *Die Gelykenisse van Christus*. “Alhoewel die wet nie die straf vir sonde kan versag nie, maar die sondaar oor al sy skuld aankla, het Christus oorvloedige vergifnis belowe aan almal wat hulle bekeer en in Sy genade glo. Die liefde van God word oorvloediglik aan die berouvolle, gelowige siel aangebied. Die skandvlek van sonde op die siel kan net uitgewis word deur die bloed van die Versoeningsoffer . . . van Hom wat gelyk met die Vader was. Die werk van Christus – Sy lewe, vernedering, dood en intrede vir die verlore mensdom – beklemtoon die wet en maak dit eerwaardig.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, bl. 371, (vrye vertaling). “Christus se karakter geld in die plek van u karakter, en God neem u aan asof u nooit gesondig het nie.” — Ellen G. White, *Skrede na Christus*, bl. 62. “Wanneer die Apostel sê dat ons geregverdig is ‘sonder die werke van die wet,’ praat hy nie van die werke van geloof en genade nie; want hy wat sulke werke doen, glo nie dat hy geregverdig is deur hierdie werke nie. (Deur sulke werke van geloof te doen), poog die gelowige om geregverdig te word (deur geloof). Wat die Apostel met ‘werke van die wet’ bedoel, is werke waarin die eiegeregtige glo asof, deur dit te doen, hulle geregverdig was en sodoende regverdiging deur hulle werke ontvang het. Met ander woorde, deur goed te doen, soek hulle nie geregtigheid nie, maar hulle wil maar net spog dat hulle alreeds regverdiging deur hulle werke bekom het.” — Martin Luther, *Commentary on Romans*, bl. 80.

**Vrae vir bespreking:**

1. Lees die teksverse vir hierdie week en skryf dan in jou eie woorde ‘n paragraaf waarin jy opsom wat daar gesê word. Deel jou paragraawe met mekaar in die klas.
2. Lees Luther se aanhaling hierbo. Hoekom sou so ‘n waarheid hom aangespoor het soos wat dit gedoen het? Hoekom is dit wat hy gesê het so ‘n kernwaarheid selfs vir ons vandag nog?
3. “Sewendedag-Adventiste sien hulself as erfgename van en bouers wat voortbou op die insigte van die Hervorming van die Bybelse lering van regverdiging deur genade deur geloof alleen, en ook as herstellere en vertolkers van die volheid, duidelikheid en ewewigigheid van die apostoliese evangelie.”—Ivan T. Blazen, “Salvation,” *Handbook of Seventh-day Adventist Theology* (Hagerstown, Md.: Review and Herald® Publishing Association, 2000), bl. 307, (vrye vertaling). Watter redes kan ons gee vir wat ons oor onself glo soos wat dit hier geskrywe staan?

